



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Genesis 16

Verwerping maak seer. Dit laat jou onbelangrik voel. Dit sê vir jou dat jy nie die moeite

werd is nie. Hagar kan ons sekerlik baie van hierdie emosie vertel. Dit het so erg geraak dat sy weggeloop het.

Verwerping is altyd onaangenaam, selfs al is dit nie onverwags nie. Of jy nou afgesê word deur iemand van wie jy hou of deur 'n medewerker afgejak word, dis altyd pynlik as iets wat jy wil hê, geweier word. Dit is nou maar eenmaal 'n lewensfeit dat jy soms verwerp sal word, maar dit is nie 'n verskoning om nie die dinge waaraan jy waarde heg na te streef om 'n afjak te vermy nie. Dit gaan daaroor om dit na te streef ten spyte van verwerping.

Maar ons almal het 'n plek. Selfs Hagar het 'n plek gehad. 'n Plek in God se plan, veilig in Sy hand.

Verwerping

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Emosies

Verwerping

**Is dit wat Abram doen op enige manier
"verkeerd", of "onwettig"?**

**Waarom sou Hagar Sarai begin verag net omdat sy
swanger geraak het?**

**Hoe belowe die Engel van die Here om die
probleem met Sarai reg te stel?**

**Waarom wil die Engel van die Here nie net dat Sarai
met met Hagar oor die weg kom nie?**

**Hoekom vat die Here ons nie net uit onaangename
situasies uit nie?**

Wat kan mens help om verwerping te hanteer?

**Wat sou jy sê is die gepaste reaksie op
verwerping?**



Quellerina Gemeente